

Uitnodiging – Bydraes oor T.T. Cloete

T T Cloete het die mylpaal van 90 jaar op 31 Mei vanjaar bereik. Om hierdie besondere geleentheid te vier, word beoog om volgende jaar (Junie 2015) bydraes oor Cloete in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* byeen te bring. Die redaksie nooi belangstellendes uit om bydraes voor te lê ter huldiging van Cloete se merkwaardige voortgesette produktiwiteit as denker en digter. Sedert die vorige huldiging vir Cloete in hierdie tydskrif, in Desember 2009, het nog vier publikasies die lig gesien – *Uit die wit lig van my land gesny*, *Onversadig*, *Die ander een is ek* en *Karnaval en Lent*.

U is welkom om enige aspek van, of enige tydperk in die oeuvre van die digter te belig in óf ’n wetenskaplike (artikel) óf ’n kreatiewe (gedig) bydrae. Laat ons asseblief teen middel Desember weet of u belang stel om ’n bydrae te lewer en wat die aard daarvan sal wees. Die sperdatum vir inlewering is 15 Februarie 2015, vir oorweging van publikasie in die tydskrif in Junie volgende jaar.

Prof Bernard Odendaal is die gasredakteur en alle navrae moet asseblief aan hom gerig word by Bernard.Odendaal@nwu.ac.za.

Ina Wolfaardt-Gräbe

Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

November 2014